ANNALE VAN DIE UNIWERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE van PROF. W. BLOMMAERT (Hoofredakteur) PROF. C. K. BRAIN en PROF. R. W. WILCOCKS

Jaargang I, Reeks A, Afl. I (April 1923)

A. I. PEROLD: Ondersoekings omtrent Moskonfyt

PRYS 1s.

NASIONALE PERS, BEPERK, KAAPSTAD.

Elke bydrae wat gedruk word verskyn as 'n afsonderlike aflewering, uitgenome in spesiale gevalle.

Publikasie vind plaas tweemaal in die jaar.

Bydraes tot die halfjaarlikse uitgawes moet die Hoofredakteur bereik voor 30 Junie of 31 Desember van elke jaar.

Die skrywers ontvang gratis 50 eksemplare van hulle bydraes.

Stukke vir opname en korrespondensie word geadresseer aan DR. W. BLOMMAERT, Uniwersiteit, Stellenbosch.

Ruilnommers word gestuur aan die BIBLIOTEKARIS, Uniwersiteit, Stellenbosch.

Exchange copies to be sent to the LIBRARIAN, The University, Stellenbosch.

Ondersoekings Omtrent Moskonfyt.

Deur Dr. A. I. PEROLD, Professor vir Wynbou en Enologie aan die Uniwersiteit van Stellenbosch.

(A summary in ENGLISH by the author appears at the end of the article.)

Onder die benaming ,,Moskonfyt'' word verstaan 'n min of meer gekleurde, dikvloeibare stroop, wat verkry is deur vars mos of druiwesap in die ope lug te kook tot dit dik genoeg is. Tot voor 'n tiental jare was feitlik al die moskonfyt in ons land gemaak deur die vars mos in 'n oop pot of ketel van koper of yster oor 'n direkte vuur te kook. Hierby ontstaan daar, by die begin van die kook, 'n laag skuim wat met 'n skuimspan afgeskep word. Namate die konsentrasie styg, klim ook die kookpunt ['n moskonfyt van 68° Brix het gekook op ca. 106°C. of 222.8°F.] en word die vloeistof donkerder van kleur, terwyl hy natuurlik ook meer dikvloeibaar word. Weens die direkte aanraking tussen die vuur en die pot, vind daar teen die boom en kante van die pot 'n lokale oorverhitting plaas, wat die *karamelisasie* van 'n klein gedeelte van die suiker bewerkstellig, waardeur die moskonfyt sy bruin kleur en 'n deel van sy geur kry. Dis moontlik dat ook die oorverhitting van organiese sure en suursoute in die mos hiertoe mag bydra.

In die laaste tyd word moskonfyt ook gekook deur stoom in die mos te lei of deur 'n geslote stoompyp in die vorm van 'n slang in die mos te plaas en daar stoom deur te laat gaan. Hier sal daar geen lokale oorverhitting plaasvind nie, en gevolglik sal die moskonfyt ligter van kleur wees as by die eersgenoemde manier van kook die geval was. Daar ook hier die kokende vloeistof aan die ope lug blootgestel is, sal die aldus gemaakte moskonfyt effens lig-bruin van kleur wees en ook 'n kooksmaak hê. Hy sal dus die eienskappe van die eersgenoemde soort moskonfyt in 'n flouer graad besit.

Die derde manier om mos te konsentreer is om hom in vakuumpotte te kook op 'n betreklik lae temperatuur maar onder 'n baie geringe druk. Volgens CRUESS (1),* bls. 406—408, sal druiwestroop onder 'n 24—26 duim vakuum (= 609.6—660.4 mm. vakuum of 150.4—99.6 mm. druk) op ongeveer 150°F. tot 135°F. (= 65.5°C. tot 57.2°C.) kook, en onder 29 duim vakuum (= 736.6 mm. vakuum of 23.4 mm. druk) op ongeveer 85°F. of 29.4°C. Onder 28 duim vakuum sal die stroop op ongeveer 40°C. kook. By Stellenbosch-stasie het mnr. Winshaw voor enige jare so 'n installasie opgesit van die tiepe wat onder 24—26 duim vakuum werk. Die produk is 'n taamlik liggekleurde stroop wat gewoonlik tot omtrent 68° Brix gekonsentreer word en „Grape Syrup" of Druiwestroop genoem word. Myns insiens moet laasgenoemde produk ook voortaan „druiwestroop" genoem word om dit te onderskei van die eintlike moskonfyt wat volgens die eerste of twede metode van kook berei is en in sy kleur, aroma en smaak baie verskil van „druiwestroop."

Daar is 'n vierde manier om mos te konsentreer, en dit is die teenoorgestelde van die voorgaande stelsels, naamlik deur die toepassing van groot koue. CRUESS (1), blss. 412—413, beskryf kortliks die *Gore*-proses vir die bereiding van druiwestroop deur bevriesing. Die helder mos word bevries op 10—15°F. tot 'n vaste massa, wat deur 'n ysbreekmasien fyn gemaak word, waarna die stroop van die ys geskeie word deur 'n sentrifuge. Hierdie stroop word weer bevries, en wel op 0—10°F., wanneer 'n pap met yskristalle verkry word wat gesentrifugeer word en nou 'n stroop van ca. 55° Balling lewer. Hierdie stroop is van die allerhoogste kwaliteit, behalwe dat dit te dun is om teen spontane gisting gevrywaar te bly as dit nie gesteriliseer word nie.

Hierdie verskillende produkte word vir verskillende doeleindes gebruik. Druiwestroop word hier meestal gebruik om sekere soetwyne te maak. Dit kan egter ook vir die aanmaak van heerlike alkohol-vrye dranke gebruik word, veral as die temperatuur in die vakuumpotte nie te hoog gegaan het nie. Volgens OTTAVI (2), bls. 267—268, het Fratelli Favara in Mazzara del Vallo (Sisielië) reeds in 1888 daarin geslaag om 'n druiwestroop in vakuumpotte te kook op 'n temperatuur wat altyd laer as 40°*C.* *of* 104°*F.* was, en tot 'n gemiddelde konsentrasie van ca. 70° Brix (S.G. 1.35).

---

* Die nommer agter die naam van die outeur refereer na die ooreenkomende nommer van die literatuuroorsig.

Die eintlike moskonfyt word meestal as jam saam met brood geëet, alhoewel dit ook vir die maak van seker soorte soetwyn kan gebruik word. By die bereiding van die beroemde Malaga- en Marsala-wyne word moskonfyt ook gebruik. Dit word in Malaga in groot oop, taamlike diep, koniese ysterpotte gekook tot dit goed dik en donker van kleur is, en ,,arrope'' genoem. In Marsala word dit in taamlike vlak, vertinde koperpotte tot ongeveer een-vyfde van sy oorspronklike volume gekook, en ,,mosto cotto'' genoem.

In verband met moskonfyt en sy bereiding, is dit van belang om daarop te wys dat die druifsoort wat die mos gelewer het 'n groot invloed uitoefen op die kwaliteit van die moskonfyt. Fransdruif gee die geurigste en lekkerste moskonfyt, terwyl Hanepoot ook 'n lekker moskonfyt lewer. In die eersgenoemde geval het ons te doen met 'n mos wat 'n lae totale suurgehalte besit—gewoonlik net omtrent $4^0/_{00}$ berekend as wynsteensuur. Die druiwe moet verder goed soet wees. Om 'n liggekleurde moskonfyt te kry, moet ons die vars mos met swaweldioksied of kaliummetabisulfiet (die natrium- en kalsiumverbindinge is net so goed) behandel, en die helder mos in 'n *dun* laag (sê 6 duim diep) *vinnig* kook in 'n koperketel tot dit dik genoeg is. In plaas van koper kan aluminium, tin, vertinde of versilwerde koper gebruik word.

By die bereiding van moskonfyt is die volgende vier punte van die allergrootste belang: Bewaring van mos, ontsuring van mos, konsentrasie waarop die stroop moet gekook word en voorkom van latere versuikering van die stroop. Die eerste drie van die genoemde punte sal hier bespreek word, en die resultate van my eie ondersoekings in 1922 hieromtrent meegedeel word, terwyl die laaste punt nie nou sal behandel word nie, maar die onderwerp van verdere ondersoek sal vorm, waaromtrent later sal berig word.

I. DIE BEWARING VAN MOS.

Daar dit tyd neem om die moskonfyt te kook, en vars mos nie vir 'n onbeperkte tyd beskikbaar is nie, moet ons die mos 'n tyd lang bêre en intussen die gisting belet. Dit kan die beste gebeur deur swaweldioksiedgas in die vars mos te pomp, wat hom dan in 'n stukvat of sementtenk bevind, waar hy van die lug kan afgesluit word. Volgens prof. VENTRE (3), bls. 23,

is die gebruik van swaweldioksied, om mos stil te hou, reeds voor meer as 100 jaar aanbeveel, en ook in die teenswoordige doses, 1—2 g. per lit.: 5—6 kg. swawel (verbrand) per 50—60 hl. mos [vgl. PARMENTIER (4)]. In plaas van genoemde gas kan ons ook die vloeibare swaweldioksied of 'n oplossing van swaweldioksied in water of 'n metabisulfiet gebruik.

Die belangrike vraag is *hoeveel* swaweldioksied ons per lêer mos nodig sal hê om hom vir 'n byna onbeperkte tyd van gisting te bewaar. Dis bekend dat 'n deel van die swaweldioksied aan die suiker in die mos gemies gebind word, en so te sê ophou om 'n antiseptiese invloed op die gis-selle uit te oefen. Dis feitlik net die vry geblewe swaweldioksied wat sodanige antiseptiese invloed uitoefen. Hieruit blyk dus dat ons meer swaweldioksied of metabisulfiet moet byvoeg as in 'n waterige oplossing voldoende sou wees om die spruiting van die gis-selle te belet, en dat ons meer sal moet byvoeg namate die mos soeter is. Die temperatuur is ook van belang, daar meer nodig is by warm as by koel of koue weer. Verder is die tyd van bewaring van belang, weens die gestadig voortgaande binding van swaweldioksied deur die suiker, en weens die oksidasie van swawelige suur tot swawelsuur waar die lug toegang tot die mos kry, soos deur die porieë van 'n stukvat se hout geskied. KERP (6) [volgens LAFAR (5), Bd. V, 446] het bewys dat die swawelige suur net deur die dekstrose gebind word. Volgens DUPONT en VENTRE (7) [uit LAFAR (5), V, 447] is die ewewigstoestand in mos ná 8—14 dae bereik. Waar hul 500 mg. swaweldioksied per liter mos bygevoeg het, was daar ná 8 dae net nog 140 mg. vrye swaweldioksied per liter mos aanwesig. Waar 100 mg. bygevoeg was, was daar ná 8 dae nog 8 mg. vry.

Volgens LINOSSIER (8) [uit LAFAR (5), V, 448] word die gisting van mos volkome onderdruk deur 'n byvoeging van 0.675‰ SO_2, d.w.s. 675 mg. SO_2 per liter of 388 g. SO_2 of 776 g. (=1.71 lb.) van 'n metabisulfiet met 50% SO_2 per lêer mos. LABORDE (9), I, 107, gee 0.500—1 g. SO_2 per liter mos aan as die nodige dosis om die gisting te belet. Dit staan gelyk met 288.5—577 g. SO_2 of 577—1154 (= ca. $1\frac{1}{4}$—$2\frac{1}{2}$ lb.) metabisulfiet @ 50% SO_2 per lêer mos. Volgens CRUESS (1), bls. 414, is 1.2—1.5 g. SO_2 per liter nodig in warm streke en 0.75—1.00 g. per liter in koeler streke om die gisting van mos vir 'n onbepaalde tyd te belet.

EIE ONDERSOEKINGS.

(a) *Groendruif-mos* met S.G. 1.106 by 25°C., wat 'n totale ekstrakgehalte van 26.0° Brix (of Balling) betekent en met 'n totale suurgehalte van 5.38°/₀₀,* is op die 6e Maart direk van die doppe afgeloop en in 'n oop sementgat gepomp. Hier is by 3½ lêer mos 3½ lb. kaliummetabisulfiet gevoeg namate die mos ingepomp is. Die dosis was dus 1 lb. metabisulfiet per lêer mos of ca. 393 mg. SO_2 per liter mos. Van die afgesakte helder mos in 'n oop sementkuip is moskonfyt gekook tot die 10e Maart, toe die mos begin werk het. Hier was die gisting dus vir 4 dae teëgehou deur genoemde dosis van metabisulfiet.

(b) *Hanepoot-mos* direk afgeloop van vars doppe op 21.4.22, met S.G. 1.0976 ($\frac{17.5°C.}{17.5°C.}$) wat 'n totale ekstrakgehalte van 23.17° Brix of 25.4 g. per 100 c.c. beteken, is direk in 'n stukvaatjie van ca. 220 gellings inhoud gepomp en daarin is 6 lb. kalium-metabisulfiet opgelos, en die vaatjie is met mos gevul en toegemaak. Hier was by die begin dus byna 3½ lb. kaliummetabisulfiet per lêer of 1.362 g. SO_2 per liter mos bygevoeg. Op 27.4.22, dus 6 dae later, is die stil helder mos ontleed.

Bepaling van SO_2

Dit is geskied deur die mos met $\frac{N}{50}$ J. koud te titreer met setmeeloplossing as indikator. Daar die aanwesige suiker hinderend werk, was die end van die titrasie gekome geag wanneer die blou kleur 'n paar sekondes lank stand gehou het.

20 c.c. mos het gebruik 17.8, 18.2, 17.9, 17.8 c.c. $\frac{N}{50}$ J. Dus bevat 1 liter mos 17.8 x 0.032 = 0.5696 g. vrye SO_2. Die totale SO_2-gehalte van die mos is bepaal volgens die gebruiklike jodometriese metode [vgl. WILEY (14), Bd. III, 804].

20 c.c. mos het 37.1 c.c. $\frac{N}{50}$ J. gebruik; dus het die mos in totaal 1.1872 g. SO_2 per liter bevat, en was die vrye swaweldioksied ná 6 dae nog byna net so veel as dié wat gebonde was.

Bepaling van Totale Suur.

20 c.c. mos het gebruik 9.8 c.c. Bariet (f=0.1478).
20 c.c. mos het gebruik 9.8 c.c. Bariet (f=0.1478).
*Totale suurgehalte=5.43°/₀₀

* Die totale suurgehalte word hier altyd aangegee as so veel gram wynsteensuur per liter.

Bepaling van Soortelike Gewig en Ekstrak.

S.G. 1.0989 ($\frac{17.5°C.}{17.5°C.}$), dus 23.48° Brix, en 25.80 g. totale ekstrak per 100 c.c. mos. Die byvoeging van die metabisulfiet kon die ekstrak met 0.3 g. per 100 c.c. verhoog, dus kon ons hier 25.4 + 0.3 = 25.7 g. per 100 c.c. verwag het, wat goed ooreenstem met die gevonde 25.8 g. per 100 c.c.

Op 7.5.22 was die mos nog stil, maar reeds die volgende dag was hy hard aan die werk. Ek het toe dadelik sy SO_2-gehalte bepaal, en gevind 281.6 mg. vrye SO_2 per liter, en 800.0 mg. totale SO_2 per liter.

Uit die voorgaande blyk dus dat die bogenoemde syfers van LINOSSIER en LABORDE *geen dodelike doses aangee* nie, en dat hul nie in alle gevalle toereikend is om 'n gisting vir 'n lang tyd te belet nie. Die syfers deur CRUESS (1) vir warm streke aanbeveel—wat eers by die opstel van hierdie berig in my hande gekom het—word deur hierdie proef gesteun. Hier het ca. 1.362 g. [en seker > 1.1872 g.] SO_2 per liter mos die gisting vir 16 dae belet, maar toe het 'n flukse gisting begin en die mos het droog gewerk. Die helder mos het hier net so op die afsaksel in die vat bly lê. Mos wat lank moet bewaar word eer daar moskonfyt van gekook word, moet, ná dit afgesak is, van die afsaksel geskeie word. Hiervoor sal dit dan die beste wees om by die vars mos ½ lb. metabisulfiet per lêer of 0.2 g. SO_2 per liter mos te voeg, waardeur die gisting lank genoeg sal gekeer word dat die mos helder kan afsak. Tap nou die helder mos af in 'n stukvat of sementtenk en gee hom 4 lb. metabisulfiet (@ 50% SO_2) per lêer of 1.6 g. SO_2 per liter mos. Dit is vir Suid-Afrikaanse toestande bedoel, en ek had reeds tot hierdie aanbeveling besluit voor ek nog die syfers van Cruess gesien had, wat 1.5 g. SO_2 per liter mos as hoogste dosis aanbeveel. In hoe verre die deur my aanbevole dosis SO_2 onder alle omstandighede as 'n genoegsame dosis beskou kan word om alle gisting vir 'n onbepaalde tyd te belet, sal die tyd ons nog moet leer. As daar 'n dodelike dosis SO_2 vir wyngiste bestaan, dan sal dit waarskynlik nog heelwat hoër wees as die dosis wat ek hier aanbeveel om die gisting te belet.

II. DIE TOTALE SUURGEHALTE VAN MOSKONFYT EN DIE VERMINDERING DAARVAN.

Waar moskonfyt vir eetdoeleindes gekook word, daar is dit wenslik om sy natuurlike suurgehalte af te bring. Waar hy vir versnit met wyn gebruik word, daar is dit nie so noodsaaklik nie, alhoewel dit soms beter mag wees. Waar moskonfyt, en veral druiwestroop, gebruik word om alkoholvrye drank van te maak, of ook wel alkoholiese drank, daar moet die suurgehalte van die mos of stroop nie verminder word nie.

Die doeltreffendste manier om die moskonfyt se totale suurgehalte te verminder is om dit met die mos te doen en nie met die klaar stroop nie. Die gewone middel wat hiervoor gebruik word is kalk. Ons boere gebruik gewoonlik gebluste kalk, so na skatting. Die gevaar hierby is dat te veel kan gebruik word. Gebeur dit en word die mos alkalies gemaak, dan sal sulke mos 'n baie donker en bitter moskonfyt gee wat niks werd is nie. So 'n geval is onder my aandag gekom. Die veiligste is dus fyngemaalde kalkklip of marmer. Hier bestaan daar natuurlik geen gevaar dat die mos alkalies kan word as te veel gebruik word nie.

Prof. J. VENTRE, l.c., bls. 26, beveel aan om, waar ons 'n stroop wil maak wat met ,,Golden Syrup'' kan kompeteer, al die suur in die mos met Ca-karbonaat te neutraliseer, ná 'n behandeling met dierkool om die mos te ontkleur en 'n daaropvolgende breisel met 10—15 g. gelatien of 100—150 c.c. vars bloed per hektoliter [gelyk aan ca. 2—3 onse gelatien per lêer of 1 gelling vars bloed vir 8 lêers] mos om die mos weer skitterend helder te maak. Die neutralisasie sal gedurende die kook voortgaan. Hy beveel aan om net so veel gram Ca-karbonaat te gebruik as die mos totale suur, berekend as swawelsuur, bevat, aangesien 98 g. swawelsuur geneutraliseer word deur 100 g. kalsiumkarbonaat.

Die geurigste en lekkerste moskonfyt moet nog 'n seker hoeveelheid suur bevat.

EIE PROEWE IN 1922.

My eerste monster moskonfyt is in 1922 gekook van groendruifmos met 'n totale suurgehalte van 5.38‰ en 'n ekstrakgehalte van 25.5° Brix (of Balling). By hierdie mos is die aand voor dit gekook is 9 g. reine kalsiumhidraat per gelling

(=2 g. per lit.) gevoeg, wat 'n totale suurvermindering van 4 g. wynsteensuur per liter sal veroorsaak, aangesien 74 g. CaO_2H_2 sekuur 150 g. wynsteensuur sal neutraliseer. Die moskonfyt is gekook tot 'n konsentrasie van 67.5° Brix. Sy totale suurgehalte was 6.38°/₀₀, dus net 1°/₀₀ hoër as dié van die mos. Hy was taamlik lekker, maar te dun, en het dan ook later aan die werk geraak.

My laaste lot moskonfyt is in 1922 gekook van Hanepootmos met 5.43°/₀₀ totale suur en 23.48° Brix ná 'n byvoeging van 3½ lb. metabisulfiet per lêer mos. By 20 gellings mos is 1 lb. gemaalde kalkklip met 70.7% $CaCO_3$, dus 3.53 g. $CaCO_3$ per liter mos, gevoeg en saam gekook. Die moskonfyt is ingekook tot 69.7° Brix [S.G. 1.3490 $(\frac{17.5°C.}{17.5°C.})$] en had 5.52°/₀₀ totale suur. Dit was 'n baie lekker moskonfyt. Sy totale suurgehalte was ongeveer gelyk aan dié van die oorspronklike mos. As al die Ca-karbonaat by die kook deur die aanwesige sure gebind was, dan sou daardeur 'n suurvermindering van 5.29°/₀₀ veroorsaak geword het, en sou die mos net nog 0.23°/₀₀ totale suur behou het.

Daar 20 gellings mos 4.5 gellings moskonfyt gegee het, was 1 gelling moskonfyt uit 4.4 gellings mos ontstaan, en moes die totale suurgehalte van die moskonfyt 4.4 x 0.23°/₀₀ = 1.02°/₀₀ bedra het i.p.v. 5.52°/₀₀. Gevolglik bevat die moskonfyt 4.50°/₀₀ meer totale suur as te verwagte was, en het die mos $\frac{4.50}{4.4}$ = 1.01°/₀₀ te veel totale suur behou. Dus is daar maar 5.49—1.01 = 4.28°/₀₀ totale suur van die mos deur die kalkklip geneutraliseer i.p.v. 5.29°/₀₀, of m.a.w. het daar net $\frac{4.28 \times 100}{5.29}$ = 80.9% van die bygevoegde kalk in reaksie getree met die aanwesige sure.

Volgens die hier beskrewe ondervinding, meen ek dat die gewenste hoeveelheid Ca-karbonaat om by ons vir moskonfyt te voeg ongeveer 3½—4 lb. per 100 gellings sal wees. Dit veronderstel kalkklip met 100% $CaCO_3$ en mos met 5—6°/₀₀ totale suur. As die kalkklip x% $CaCO_3$ bevat, dan gebruik ons $\frac{100}{x}$ x (3½ tot 4) lb. kalkklip per 100 gellings mos. As ons uit mos 'n soort „Golden Syrup" i.p.v. moskonfyt wil maak, dan sal ons ongeveer dubbel die genoemde hoeveelhede moet gebruik, want ons sal aanmerklik meer moet neem as teoreties nodig is om al die aanwesige sure te neutraliseer.

III. DIE BESTE KONSENTRASIE VIR MOSKONFYT.

Aanhalings uit die literatuur wat hierop betrekking het en wat vir my toeganklik was:

1. MERZ (DAL PIAZ) (10), bls. 122: „Bei einem Mindestzuckergehalt von 50% (Hektolitergewicht = 129 Kg., Dichte = 33° Baumé oder 60° Balling) ist die Haltbarkeit gesichert und sind dann selbst bei der Lagerung in wärmeren Räumen keinerlei Gärungserscheinungen zu befürchten."

2. Prof. J. VENTRE (3), bls. 25: „Si on veut être assuré, contre tout départ spontané de fermentation, la concentration devra être poussée jusqu' à 36°B. au moins. On se trouve alors en présence d'un véritable sirop de raisin dont la conservation sera pour ainsi dire indéfinie."

3. DUBOURG (11) het uit 'n baie soet Sauternes-wyn van 1893 giste geïsoleer wat gisting veroorsaak het in 'n vloeistof met tot 80% inwertsuiker. Hul is geïsoleer uit wyne afkomstig van moste wat tot 600 g. suiker per liter bevat het. Hul laat almal die lewulose gouer gis as die dekstrose (dus die omgekeerde van wat gewoonlik gebeur!), maar skeie geen sukrase uit nie en kan gevolglik sakkarose nie direk laat gis nie.

4. BOKORNY (12) het baie persgis („Presshefe") met hoogpersentige oplossings van druiwesuiker en rietsuiker saamgebring. By 48.8% druiwesuiker was daar nog 'n flukse gisting, maar by 48.8% rietsuiker amper niks. Die inwersie was hier dus byna nul. By 58.8% druiwesuiker was die gisting nog sterk, maar by 58.8% rietsuiker was dit nul, wat net aan 'n gebrek aan inwersie kan te wyte wees. By die konsentrasie van 74% het geen een gegis nie. Die inwertase hou dus ongeveer by 48% suiker op om te werk, en die simase eers bo 58.8%.

5. LAFAR (5), Bd. V, blss. 70—71: „Die Haltbarkeit des *Gelees, Fruchtsirupe, Marmeladen,* u.s.w. beruht ebenfalls auf ihrer osmotischen Wirkung, die das Wachstum hinzutretender Pilzkeime verhindert. . . . . Von der Firma *Fratelli Favara* in Mazzara del Vallo in Sizilien wird Traubensaft nach vorausgegangenem Filtrieren im Vacuumapparat bei ungefähr 40° auf ein Viertel des ursprünglichen Volumens eingedampft. Trotzdem dieser sirupartige *konzentrierte Most* von ca. 62 Proz. Zuckergehalt nicht steril ist, sondern u.a. lebensfähige Hefen, darunter

regelmässig *Sacch. Apiculatus,* enthält, bleibt er doch unverändert, und geht erst nach Verdünnung von selbst in Gärung über. . . . . Ein Zuckergehalt von 57—60 Proz. genügt also, Gärung oder anderweitige Zersetzungen zu verhindern."

6. KÖNIG (13), Bd. III, 2. Teil, S. 916, gee die volgende ontledings van sommige vrugtestrope :—

	Getal ontledings.	S.G.	Ekstrak Gew. %	Inwertsuiker Gew. %	Rietsuiker Gew. %	Droë ekstrak Gew. %	Totale suur as Appelsuur Gew. %
Himbeersirup - -	45	1·3227	66·26	22·39	42·25	1·82	0·598
Erdbeersirup - -	7	1·3075	62·82	23·55	37·72	1·60	0·315
Kirschsirup - -	6	1·3387	68·95				0·401

7. OTTAVI (2), bls. 268 : „Il concentrato del Favara presenta una densitá media di 1,35 [=ca. 70° Brix—A.I.P.] e offre questa costituzione :—

	per ettolitro	*per quintale**
Glucosio	Kg. 90.000	Kg. 66.66
Acidi	Kg. 2.400	Kg. 1.77 "

By 70° Brix is die totale ekstrakgehalte 94.5 g. per 100 c.c.

8. CRUESS (1), bls. 409, sê : „We have found that syrup of 65° or 66° Balling will soon ferment and become mouldy, but that syrup of 70° Balling will keep perfectly."

Uit hierdie aanhalings blyk dat die aanbevole konsentrasies loop van 60°—70° Brix, as ons die geval van gisting by 80% inwertsuiker, deur Dubourg genoem, opvat as betekenende 80 g. per 100 c.c., wat ongeveer 61.6 gew. % inwertsuiker sal beteken.

By die kook van moskonfyt moet ons in die eerste plaas sorg dat hy *dik genoeg gekook word om nie later aan die werk te raak nie.* Tegelykertyd moet ons daarna strewe om 'n latere versuikering, d.w.s. uitkristallisasie van suiker (dit sal die dekstrose wees) en wynsteen, te voorkom. Ek het by die begin van my ondersoek gehoop dat daar 'n sekere konsentrasie gevind sal word, waarop nòg die een nòg die ander sal plaasvind. Uit my ondersoek is nou ongelukkig gebleke dat daar gevalle kan voorkom waarby gisting sowel as versuikering plaasvind.

* Dit is 100 Kg. (A.I.P.).

Eie Ondersoek.

(a) *Gevalle waar moskonfyte spontaan aan die werk gegaan het.*

Oorsprong.	S.G. by $\frac{17.5°C.}{17.5°C.}$	Grade Brix.	Totale ekstrak per 100 c.c.	Inwert-suiker per 100 c.c.	Droë ekstrak per 100 c.c.	Totale suur as wynsteen-suur per ‰.
1. Welgeval-len, 1922.	1·3107	63·5	83·2			
2. „	1·3319 (20°/20°)	67·2	89·5	79·7	9·8	6·83
3. „	1·3494	69·75	94·1	84·1	10 0	5·31
4. „	1·3398	68·2	91·3	81·7	9·6	
5. Stellenbosch Distillery, 1922.	1·3413	68·5	91·8	84·8	7·0	15·30

Nommers 3 en 5 het respektieflik 62.3 en 63.2 gew. % inwertsuiker bevat.

Hierdie moskonfyte het by kamertemperatuur in die laboratorium, meestal reeds gedurende die winter, aan die werk geraak. Aan die oppervlakte was 'n laag of lagie skuim aanwesig. Sodra 'n bottel aan die werk geraak het, is daar 'n watteprop opgesit. No. 3 gee die ontleding van moskonfyt A Welgevallen 1922 op 13.5.22 eer dit gegis het. No. 4 gee die ontleding van dieselfde moskonfyt op 14.11.22, dus 6 maande later, ná dit reeds 'n hele ruk swak aan die werk was. No. 5 is 'n druiwestroop wat in 'n vakuumpot gekook is, en op 11.4.22 ontleed is eer daar nog 'n gisting was. Die inwertsuiker is by Nos. 2, 3, 5 met Fehlingse oplossing volumetries bepaal, en grawimetries in geval van No. 4.

By No. 2 was 9 g. CaO_2H_2 per gelling mos(=2 g. per lit.) gebruik en die mos had oorspronklik 5.38°/₀₀ totale suur. By No. 3 was 1 lb. fyn gemaalde kalkklip (=0.707 lb. $CaCO^3$) per 20 gellings mos gebruik en die mos had oorspronklik 5.43°/₀₀ totale suur. By No. 5 was geen kalk gebruik nie en dus is sy hoë totale suurgehalte maklik te verstaan.

(*b*) *Moskonfyte wat nie aan die werk geraak het nie*:

1. Moskonfyt van I. S. Perold, P. A. Hamlet, van 1922 met S.G. 1.3570 $(\frac{17.5°C.}{17.5°C.})$ = 71.0° Brix, en 'n totale suurgehalte van 4.25°/₀₀.

2. Moskonfyt Welgevallen 1920 het nie gegis nie tot ná dit in die laboratorium in 1922 in 'n ander fles oorgegooi was. Sy s.g. op 17.5°C. per piknometer, was 1.3316=66.9° Brix.

Geen moskonfyt met 71° Brix of meer het aan die werk geraak nie.

(c) Moskonfyte met reingis geënt.

Ten einde vas te stel op watter konsentrasie gisting nog kan plaasvind, is die hier volgende proewe gemaak.

Moskonfyt A Welgevallen 1922 is langsaam ingedik tot 79.4° Brix, en hieruit is 6 konsentrasies gemaak. Van elke konsentrasie is ca. 8 c.c. in elk van 6 steriele proefbuisies met watteproppe gegooi en toe vir ¾ uur op 100° in 'n stoomsterilisator gehou. Vier weke later is hul in elke reeks met 4 aparte spruitende reingiste geënt, een waarvan gekweek was uit gistende moskonfyt met 63.5° Brix. Die entmateriaal was 'n platinaogie vol gistende vloeistof met die reingisselle. Die samestelling van die moskonfyte was soos volg.—

No. van Moskonfyt.	Grade Brix.	Inwertsuiker Gew. %.	Inwertsuiker per 100 c.c.	Totale suur ‰ as wynsteensuur.
I	79·4	71·1	100·4 g	7·00
II	76·68	68·7	95·6 g	6·67
III	74·14	66·4	91·3 g	6·36
IV	71·77	64·3	87·3 g	6·09
V	69·55	62·3	83·7 g	5·83
VI	67·45	60·4	80·3 g	5·70

Die konsentrasies II tot VI is uit I verkry deur 84.7 g. (=60 c.c.) van I met resp. 3, 6, 9. 12, 15 g. gedistilleerde water te vermeng, en hul samestelling is dienooreenkomstig uit dié van I bereken.

Voor die enting was die moskonfyt in die buisies pragtig helder en hul het stadigaan van bo af donkerder van kleur geword, wat skyn aan te duie dat daar na al die kook nog 'n aktiewe oksiderende ensiem aanwesig was. Die buisies is op 15.6.22 geënt, en tot nog toe, 7 maande daarna, het geen een van hul aan die gis geraak of troewel geword nie. Die res van Konsentrasie VI, wat in 'n ½ lit. botteltjie oorgebly het, het spontaan aan die werk geraak, terwyl dit nie met die hoër konsentrasies gebeur het nie. Hierdie eksperiment sal voortgesit word.

(*d*) *Gevalle van Versuikering.*

1. Moskonfyt van I. S. Perold, 1922, met 71.0° Brix het totaal versuiker in 'n halfgevulde ¼ lit. flessie, wat met 'n glasprop gesluit was.

2. Druiwestroop van Stellenbosch-Distillery, 1922, met 68.5° Brix het gedeeltelik versuiker.

3. Die Konsentrasies I—IV (79.4—71.77° Brix) in voorgenoemde eksperiment het totaal tot gedeeltelik versuiker waar hul in die ¼ lit. flessies oorgebly het. In die proefbuisies wat vir ¾ uur in die stoomsterilisator verhit geword is, het nêrens versuikering plaasgevind nie. Die kwessie van versuikering word verder ondersoek.

(*e*) *Gelyktydige versuikering en gisting.*

Dit het gebeur met die druiwestroop van die Stellenbosch Distillery, 1922, met 68.5° Brix. Hieruit blyk dus dat, onder seker omstandighede, versuikering *reeds* kan begin terwyl gisting *nog* plaasvind. By die begin van my ondersoek het ek gehoop dat daar 'n konsentrasie sal gevind word waarop geen gisting meer sal plaasvind nie, terwyl die stroop dan nog nie so hoog gekonsentreer sal wees om te kan versuiker nie. Uit genoemde geval is gebleke dat so'n konsentrasie nie bestaan nie. Ons moet die moskonfyt dus so dik kook dat hy in elk geval teen gisting gevrywaar sal wees, wat m.i. die geval sal wees op 'n konsentrasie van 71° Brix. Sulke moskonfyt is baie geneig om te versuiker, en my verdere ondersoek omtrent moskonfyt sal hoofsaaklik gaan oor die vraag hoe om moskonfyt tot 71° Brix te kook sonder dat hy later sal versuiker.

Opsomming.

1. Om mos vir die bereiding van moskonfyt of druiwestroop vir 'n onbepaalde tyd te kan bewaar sonder dat dit aan die werk sal raak moet by die vars mos 200 mg. SO_2 per liter (=¼ lb. SO_2 of ½ lb. metabisulfiet per lêer) gevoeg word om die mos helder te laat afsak. Die helder mos moet na omtrent 36 uur in 'n vat gepomp word, waar daar nou 1600 m. SO_2 per liter, gelyk aan 2 lb. SO_2 of 4 lb. metabisulfiet per lêer, mos bygevoeg word.

2. Ten einde die moskonfyt se totale suurgehalte taamlik laag te kry en hom lekker te laat smaak, beveel ek aan om $3\frac{1}{2}$—4 lb. fyn kalsiumkarbonaat by elke 100 gellings mos (namate dit gebruik word) te voeg en saam te kook. Ek veronderstel dat die mos omtrent 5—6‰ totale suur, berekend as wynsteensuur, bevat. Van fyngemaalde kalkklip moet $\frac{100}{x}$ x ($3\frac{1}{2}$ tot 4) lb. geneem word, waar x = persentasie $CaCO_3$ in die kalkklip.

3. Kook die moskonfyt tot 'n konsentrasie van 71° Brix of Balling bereik is. Dit beteken dat die moskonfyt 'n s.g. van 1.3572 sal hê op 17.5°C. of 63.5°F., en dat 1 gelling moskonfyt op hierdie temperatuur 13 lb. 9 os. sal weeg. Op 100°C. of 212°F. sal die stroop se s.g. ongeveer 1.3065 wees en sal 1 gelling stroop 13 lb. 1 os. weeg.

4. Sulke moskonfyt sal meesal versuiker. Hoe om dit te voorkom, vorm die onderwerp van my verdere ondersoek.

LITERATUUROORSIG.

1. Cruess, W. V. Commercial Production of Grape Syrup, Bulletin No. 321 (May, 1920), University of California Publications.
2. Ottavi, O. Enologia teorico-pratica, 6e ed., 1906.
3. Ventre, J. Les utilisations possibles de la vendange en dehors de la production proprement dite du vin, Montpellier, 1921.
4. Parmentier, H. A. Sirops et conserves de raisin, 1809.
5. Lafar, F. Handbuch der technischen Mykologie, 2e Aufl., 1905—1914.
6. Kerp, H. Arb. Kais. Ges.-Amt., 1904, Bd. 21, S. 156, 180 u. 372; 1907, Bd. 26, S. 231 u.ff.; Chem.-Ztg., 1907, Bd. 31, S. 1059.
7. Dupont, E., et Ventre, J. Annales de l'Ecole nationale d'Agriculture de Montpellier, Nouv. Série, 1907, Tome 7, p. 136.
8. Linossier, G., Ann. Pasteur, 1891, Tome 5, p. 170.
9. Laborde, J. Cours d'Oenologie, Bordeaux, 1908.
10. Merz, J. L. (A. dal Piaz). Die Konservierung von Traubenmost und Fruchtsäften, 2e Aufl., 1916.
11. Dubourg, E. Contribution à l'étude des levures de vin, Revue de Viticulture, Tome viii (1897), pp. 467—472.

12. Bokorny, Th. Beeinflussung des Hefe-Invertins durch Konzentrierte Zuckerlösungen (Chem.-Ztg. 1903, No. 90), uit Bakt. Centralblatt Abt. II, Bd. 12, S. 122—124.
13. König, J. Chemie der Menschlichen Nahrungs- und Genussmittel, 4e Aufl.
14. Wiley. Principles and Practice of Agricultural Analysis, 1st ed.

Investigations about Moskonfyt.

By Dr. A. I. PEROLD, Professor of Viticulture and Oenology at the University of Stellenbosch.

In South Africa the term "moskonfyt" is used for a grape syrup that has been boiled in an open pot over a direct fire. It constitutes a light till dark brown syrup with a pleasant aromatic taste and flavour *sui generis*. It is commonly used for human consumption in the same way as Golden Syrup, but also serves for sweetening certain wines. It differs materially in colour and flavour from a grape syrup that has been obtained by boiling at a low temperature in a vacuum pan. In my opinion the term "moskonfyt" should not be applied to this latter type of syrup, which should be known and sold as "Grape Syrup."

The following points are of the greatest importance in the manufacture of Moskonfyt:—Preservation of juice or must, deacidification of must, concentration to which the syrup must be boiled, prevention of subsequent crystallisation of the syrup.

In this paper the first three points are discussed, and the results of my investigations thereanent during 1922 are communicated, whilst the last point forms the subject of further investigation, the results of which will be published in due course.

I. PRESERVATION OF MUST.

The most suitable preservative for this purpose is sulphurdioxide or a metabisulphite. The important point is the quantity to be used. LINOSSIER (8)* considers an addition of 675 mg. SO_2 per litre, and LABORDE (9), I, 107, considers 500—1,000 mg. SO_2 per litre as quite sufficient to prevent any fermentation. CRUESS (1), p. 414, states that the amount of sulphurdioxide necessary to prevent fermentation is 1,200—1,500 mg. per litre in hot localities, and in cooler localities 750—1,000 mg. per litre.

* The number behind the author's name refers to the corresponding number in the summary of the literature.

In my own experiments I found that the fermentation was delayed as follows:—

(*a*) *Greengrape-must* of 26.0° Brix (or Balling) with a total acidity of 5.38°/$_{00}$ (calculated as tartaric acid) was immediately given 1 lb. Pot. metabisulphite per leaguer or about 393 mg. SO_2 per litre, when fermentation set in after 4 days.

(*b*)† *Hanepoot-must* of 23.17° Brix was given about 3½ lbs. Pot. metabilsulphite per leaguer or 1,362 mg. SO_2 per litre in a closed, full cask, and started fermenting vigorously after 16 days, the result being a dry wine. On the 6th day it contained 569.6 mg. free and 1,187 mg. total SO_2 per litre. On the 17th day, when fermentation had actively started, it still contained 281.6 mg. free and 800 mg. total SO_2 per litre.

I therefore recommend the addition of ½ lb. meta-bisulphite (@ 50% SO_2) per leaguer or 200 mg. SO_2 per litre fresh must left in an open tank for settling. The clear supernatant liquid must be withdrawn after about 36 hours and immediately given a further dose of 4 lbs. metabisulphite per leaguer or 1,600 mg. SO_2 per litre. This is meant for South African conditions, but will probably answer anywhere.

II. DEACIDIFICATION OF MUST.

Moskonfyt should retain a certain acidity to be of good quality. Greengrape-must with a total acidity of 5.38°/$_{00}$ and total extract of 25.5° Balling was treated with 2 g. CaO_2H_2 per litre, and yielded a good moskonfyt with a total acidity of 6.38°/$_{00}$ at 67.5° Brix or Balling.

Hanepoot-must with a total acidity of 5.43°/$_{00}$ and total extract of 23.48° Brix was boiled with a finely-ground limestone, containing 70.7% $CaCO^3$ at the rate of 1 lb. per 20 gallons or 3.53 g. $CaCO_3$ per litre. It gave a very nice moskonfyt with a total acidity of 5.52°/$_{00}$ at 69.7° Brix. Thus only 80.9% of the added limestone entered into reaction.

I recommend the addition of 3½—4 lbs. calcium carbonate to every 100 gallons of must with 5—6°/$_{00}$ total acidity, the two being boiled together.

† Hanepoot is the same as Muscat of Alexandria.

III. THE BEST CONCENTRATION FOR MOSKONFYT.

The following concentrations have been recommended as being sufficiently high to prevent the syrup undergoing any spontaneous fermentation :—

1. MERZ (DAL PIAZ) (10), p. 122 : at least 50% sugar=33° Bé=60° Balling.
2. VENTRE (3), p. 25 : at least 36° Bé.
3. OTTAVI (2), p. 268 : S.G. 1.35 (which means about 70° Brix) and 66.66% sugar by wt.
4. CRUESS (1), p. 409 : 70° Balling.

In my own investigations I noticed a spontaneous fermentation in moskonfyt of as much as 69.75° Brix, the S.G. at $\frac{17.5°C.}{17.5°C.}$ being 1.3494 by pycnometer. I therefore recommend boiling the syrup to 71° Brix, when S.G. at 17.5°C. will be 1.3572, and a gallon of this syrup at this temperature will weigh 13 lbs. 9 oz. At 100°C. or 212°F. the S.G. will be about 1.3065 and 1 gallon syrup will weigh about 13 lbs. 1 oz.

At the outset of my investigations I expected to find a concentration at which fermentation will no longer take place whilst crystallisation will not yet set in. During the course of my investigations I found a grape syrup, boiled in a vacuum pan, of 68.5° Brix and 15.30‰ total acidity, which both fermented and crystallised simultaneously. This proves that no such concentration exists as was looked for. The problem now reduces itself to finding out how moskonfyt must be prepared to have it at 71° Brix without running the risk of any subsequent crystallisation. My investigations of this problem will be continued during 1923.

A Preliminary Report on the Intracellular Symbionts of South African Coccidae.*

BY

CHAS. K. BRAIN, D.Sc., M.A., Professor of Entomology, University of Stellenbosch, South Africa.

GENERAL CONSIDERATIONS OF THE SUBJECT.

The Insects are usually looked upon as the most successful class of animals existent at the present time, and this success is mainly attributed to their mode of life.

The eggs are laid on, or near to, the food of the larvae and the young devote their time exclusively to the assimilation of food and growth. When the maximum size and weight have been reached the change to the pupal stage occurs, and the development of the adult-organs proceeds, the mature insect emerging therefrom, often within a few days. Adult insects usually require little or no food; in fact some, such as the males of Coccids, are even without mouthparts.

The span of adult life is devoted entirely to reproduction and is in many cases extremely short, sometimes lasting a few days only. During this very brief period the eggs, often in large numbers, are developed, fertilised—except the parthenogenetic females—, and deposited. In this process of development of the ova the abundant surplus supply of nutritive (fat-body) tissue accumulated during the larval period, is utilised.

This strict division of their life-cycle into distinct periods of (a) growth, (b) development, and (c) reproduction, accounts, in a great measure, for the rapidity with which insects multiply, and so for their success as a class.

* This article represents a small part of a thesis which was presented to the Faculty of Science, Birmingham University, in 1919 for the Degree of Doctor of Science. It was hoped to add to the biological facts contained herein, but lack of suitable laboratory accommodation since 1919 has prevented this from being done. I publish in this form at present, including all the insect symbionts known by me up to May, 1919, chiefly to record new species and also as a working introduction for some of my students who are ready to assist in continuing the work.

C. K. B.

Without enlarging upon the multitude of adaptations to environment exhibited in insect life, it is proposed merely to raise the question whether there may not be another very important, but yet unrecognised factor in the rapidity of production of the numerous ova in many classes of insects.

Although well known to a few observers, it is not generally recognised that there exists a true symbiosis between many insects and a number of various microscopic organisms of the *Saccharomyces* or somewhat similar type. These may be found free in the haemolymph, enclosed in the connective fat-tissue, or inhabiting a special tissue known as the "mycetom." In all instances, however, they continue to multiply at the expense of, but without apparent injury to, the host insect, until the ova are being developed, when the symbiont organism, in whatever form it may be present, makes its way into the developing ova. So general is this process that every ovum has its quota of symbiotic organisms within it at the time it enters the oviduct. In one case, that of *Coccidomyces dactylopii* (Buchner) (Plate XI) it has been established that a mass of the organisms plays an important rôle in the development of the embryo. The benefit of such an association to the micro-organism is apparent, with the protection from external influences and an abundance of food, but the only references to any advantage which may accrue to the host insects found in the literature which has yet appeared on the subject are as follows:—

Vejdovsky in 1906, in dealing with *Kermincola kermesina* Sulc, suggests that after the ova have been developed the symbionts consume the remains of the body contents of the mother insect and convert her integument into a shield to protect the progeny. It is obvious that this hypothesis, which might apply to most of the Coccids, has no significance in the case of the Psyllids, Aleurodes, Cicadas and oviparous Aphides, where the eggs are laid and left, usually without covering of any kind.

Sulc (38) deals with the problem at some length and indicates three possibilities.

(a) The host insect may benefit from enzyme action produced by the symbiont organism in that this may assist in the elaboration of the sugars contained in the sap of plants which constitutes the food of the Homoptera.

(b) Symbionts may assist in metabolism and function in the decomposition of urea as suggested by the interaction of Cyclostoma and certain bacteria. This might obtain in the aphides

and coccids where the Malpighian tubes are rudimentary or absent, but not in cicadas, etc., where these organs are well developed.

(c) Many symbionts indicate at least close relationship with yeasts, and, since these latter have been used for a long time in medicine and many species have a proved bactericidal effect, they may protect the host insect tissues from bacterial infection. As an actual example the finding of Mercier in 1906 is recorded as follows :—

> "Dieser Hefe-Bakterien Antagonismus wurde neuerdings durch Mercier (06) auch auf den Schnitten festgestellt, bei Gelegenheit des Studiums über die Bakteroiden der Blattiden; Verfasser hat gefunden, dass die symbiotischen Schabenbazillen (*B. Cuénotti*) sofort aus den von ihnen prallgefüllten Fettzellen weichen, wenn die Hefe (L'organisme à forme levure parasite de la Blatte) dortselbst erscheint: 'En effet, les Bacilles disparaissent chez les Blattes parasitées, au fur et à mesure que progresse l'envahissement du tissu adipeux par la levure.'"

It must be admitted that, with our present knowledge, it is impossible to show with certainty any precise advantage—morphological, or bio-chemical—arising from this symbiotic relationship beyond, of course, the obvious benefit to the micro-organisms.

I repeat my former suggestion that these organisms are symbionts in nature as well as in name, in that they probably perform the enzymic function of assisting to break down the stored up fat-body, reducing it to such a form that it can be utilised rapidly in nourishing the developing ova. That is to say they play an important part in the metabolism of the host insect during the period of ova production.

The possibility of the mechanical fertilisation of eggs* of some of the lower animals has apparently been demonstrated, and I would suggest that since the symbiotic organisms of aphides and coccids are so minute, their invasion of the egg amounts to little more than mechanical interference and might account for some of the parthenogenetic forms found in aphides and coccids.

Numerous other possibilities suggest themselves as interesting fields for speculation and observation. Many insects of different orders cause galls, often characteristic growths of specific size and shape, on the leaves or stems of their host plants, while others, apparently identical in form and habit, have no obvious

---

* See Loeb, Science xxxvi, p. 255, Aug. 1912, etc.

effect. This class comprises chiefly psyllids and coccids in the Hemiptera. Further, *Aspidiotus perniciosus* Comst. has a distinctly injurious effect on the plants it infests and *Coccus indicus* Green actually kills its host-plant (*Opuntia monocantha*) within a few months of infesting it. On the other hand many scale insects, including *Coccus cacti*, the cochineal insect of commerce, which also lives on a species of *Opuntia*, have no ill effects on their host-plants. These, together with many other similar cases, seem to preclude the possibility of mechanical cause and suggest that the effects may result from extracellular toxins liberated within the insects by intracellular organisms, possibly symbionts.

In this connection the following extract from Sharp* is of particular interest. In discussing the galls formed by the Cynipidae (Hymenoptera) he writes :—

> "A great deal of discussion has occurred relative to the nature and origin of galls, and many points still remain obscure. Considerable light has been thrown on the subject by the direct observations of modern naturalists. Previous to Malpighi, who wrote on the subject two hundred years ago, it was supposed that the galls were entirely vegetable productions, and that the maggots found in them were due to spontaneous generation, it having been an article of belief in the Middle Ages that maggots in general arose from the various organic substances in which they were found, by means of the hypothetical process called, as we have said, spontaneous generation. Malpighi was aware of the unsatisfactory nature of such a belief, and having found by observation that galls arose from the punctures of Insects, he came to the further conclusion that the growth of the gall was due to the injection by the Insect into the plant of a fluid he termed Ichor, which had, he considered, the effect of producing a swelling in the plant something in the same way as the sting of a bee or wasp produces a swelling in an animal. Réaumur also made observations on the gall-insects, and came to the conclusion that the latter part of Malpighi's views was erroneous, and that the swelling was not due to any fluid, but simply to irritation caused by the prick; this irritation being kept up by the egg that was deposited and by the subsequent development of the larva. Observations made since the time of Réaumur have shown that the matter is not quite so simple as he supposed, for though in the case of some galls the development of the gall commences immediately after the introduction of the egg, yet in other cases, as in the Cynipidae, it does not occur till some time thereafter, being delayed even until after the hatching of the egg and the commencement of the development of the larva. Galls are originated by a great variety of insects, as well as by mites, on many plants. . . . . The exact way in which a Cynipid affects the plant is perhaps not conclusively settled, and may be found to differ in the cases of different Cynipidae, but the view

* Cambridge Natural History Insects I, pp. 525, 526. 1910.

advocated by Adler and others, and recently stated by Riley,* seems satisfactory; it is to the effect that the activity of the larva probably affects the meristem, by means of a secretion exuded by the larva. The mere presence of the egg does not suffice to give rise to the gall, for the egg may be deposited months before the gall begins to form. It is for the same reason improbable that a fluid injected by the parent fly determines the gall's growth."

The symbiont mass (mycetom) of some insects, e.g. cercopids, possesses a brilliant crimson colour suggesting that the red, violet, and pink body colour of some coccids and even the cochineal colouring substance produced in a greater or less degree by all species of the genus *Coccus* and some of the *Tachardias* may be merely a product of intracellular organisms. This possibility will probably be referred to again in later publications, but it will suffice at this stage to mention that red and yellow pigments are commonly produced by chromogenic bacteria.

